HOE SAL EK DIE HERE VERGOED?

Ps 116 (Deel 2)

Verlede week … Ek het die Here lief!

Hierdie week ...

‘N BAIE GEPASTE VRAAG
Nadat die psalmis vertel het hoedat die Here hom uit **doodsgevaar gered** het, vra hy ‘n baie **gepaste vraag**: *“Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my?”* (:12)
Het u dit **ook al** gevra? Hoe kan ek vir die Here daarvoor vergoed dat Hy my van **verlorenheid gered** het? Wat het u toe **besluit**, wat was u **antwoord**? **Hou** u nog daarby?
Die vraag is: As ons **sê** dat ons die **Here liefhet**, hoe kan ons aan daardie **liefde uitdrukking** gee sodat dit nie maar by **woorde bly nie**? Ons het **laas Sondag** vir ons ma’s vertel hoe lief ons hulle het en dis goed so, solank hulle dit ook elke dag in ons optrede teenoor hulle kan agterkom!

1. GELOOF

Die **eerste** wat baie belangrik is, is **geloof**. Daar staan in Hebr 11:6 *“As ‘n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader moet glo dat Hy bestaan en dat Hy die wat Hom soek, beloon.”* Iemand het eenkeer gesê: *“Die probleem vir ‘n ateis is wanneer hy dankbaar is hy nie weet vir wie om dankie te sê nie.”*

2. LIEFDE

Nog ‘n manier om vir God te wys dat ons **dankbaar** is, is deur Sy liefde vir ons te beantwoord met **wederliefde**. Dit is immers die **eerste en groot gebod**: Dat ons Hom sal liefhê met ons hele hart, siel en verstand. (Matt 22:37). (dieselfde met ons ma’s – ‘n ma offer verskriklik baie op vir haar kinders, maar as sy weet hulle het vir haar ook lief, maak dit al die opofferinge die moeitewerd – is dit nie waar nie?)

3. GEHOORSAAMHEID

Die liefde wat ons vir God het, kan egter nie net ‘n *“warm gevoel”* wees nie. Liefde vir God en **gehoorsaamheid** aan Hom gaan saam. Jesus: *“As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer.”* (Joh 14:15) Dis duidelik dat God gehoorsaamheid ***uit liefde*** en **sonder bymotiewe** verlang. Dan **dien** ek die Here nie omdat ek **bang** is vir wat gaan gebeur as ek dit nie doen nie en ook nie om daarvoor **beloon** te word nie. Ek doen doodgewoon dit wat Hy vra omdat ek vir Hom lief is.
Dit behoort ook die **dryfveer** agter ons betrokkenheiod by die **sending** te wees. Ons doen dit omdat dit ‘n **opdrag van God** is. Ons doen dit in die **eerste plek** omdat ons vir HOM lief is. Sendingwerk kos geld, vra tyd en opoffering, daar is soms min sigbare vrug, sendelinge is al gemartel en gedood. **Waarom gaan ons daarmee voort?** Omdat dit ons **opdrag** is en omdat gehoorsaamheid ‘n manier is om vir God te wys dat ons vir Hom lief is. ’n Mens of ‘n gemeente wat **net ter wille van homself**

bestaan, is ongehoorsaam en kan nie sê hulle is lief vir die Here nie. Liefde en gehoorsaamheid is **pasmaats** – liefde en ongehoorsaamheid is **onpaar**. Netso hoort liefde vir God en liefde <u>vir my **naaste**</u> ook bymekaar. Die liefde wat ons bely dat ons vir God het, behoort ook sigbaar te wees in ons liefde vir ons naaste. Johannes: *"As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê."* (1 Joh 4:20,21)

4. OFFER

Die mense van die OT het **verskeie soorte offers** gebring om daardeur *dankbaarheid en erkenning* aan God as die gewer van alle goeie gawes te betoon. Die psalmis verwys byvoorbeeld na 'n *"drankoffer*" in :13 en *"dankoffer*" in vers 17 (verduidelik). Hoewel ons dit nie meer presies op dieselfde manier doen nie, het **een ding nie verander** nie en dit is dat ons **onsself** as 'n offer aan God sal wy: *"En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die ontferminge van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."* (Rom 12:1) Ons kan ook sê dit is die **wesenlike** van ons **liefde en dankbaarheid** teenoor God. Die psalmis stel dit onomwonde in vers 16: *"Ek is u dienaar, Here, U het my vrygemaak."*
Elke keer nadat **Petrus** bevestigend geantwoord het op Jesus se vraag of hy Hom liefhet, het Jesus aan hom 'n **taak** gegee: *"Laat my lammers wei … Pas my skape op … Laat my skape wei."* (Joh 21:15vv). Sou Petrus **geweier** het of met allerlei **verskonings** vorendag geklom het, sou ons beslis sy liefdesverklaring **in twyfel getrek** het, nie waar nie.

5. GELOFTES NAKOM

In die vyfde plek: Die psalmis is vas van voorneme om sy **geloftes** aan die Here te betaal. Hy sê dit twee maal (:14 en 18). Of dit geloftes was wat hy gemaak het toe hy **in die nood** was, is nie duidelik nie. Mense maak soms sulke geloftes en as die nood verby is, vergeet hulle gerieflikheidshalwe weer heeltemal daarvan. Hy is seker dit sal nie met hom die geval wees nie. Beloftes **maak skuld** en skuld moet betaal word, anders is ek ondankbaar.
'n Gelofte is 'n <u>**verbintenis**</u> wat jy voor God aangaan. Dit is 'n **belofte aan God**. Jou **lidmaatsgelofte** en **huweliksgelofte** en **doopgelofte** is voorbeelde daarvan. As jy opreg dankbaar is teenoor die Here en vir Hom lief is, dan sal jy **erns maak** met al hierdie beloftes. <u>**Lou lidmate** wek die indruk dat hul liefde vir die Here ook lou is.</u>
Maar daar is ook **ander moontlike geloftes**. Mense is **huiwerig om hulle te verbind**. Aan die een kant is dit 'n **goeie ding**, want die Bybel waarsku ons ook om nie ligtelik beloftes te maak as ons nie van plan is om dit na te kom nie (Pred 5). Wanneer ons ons egter glad **nie wil verbind n**ie, kan dit lei tot 'n **doellose** lewe wat **oppervlakkig** ronddobber en wat nie veel **goeie vrugte** oplewer nie. Jy volg maar die **weg van die minste weerstand.**
Op geestelike gebied is <u>**vrywillige verbintenisse**</u> baie belangrik as jy geestelik wil groei. Ons kan dit nie maar aan *"hoe ek die dag voel"* oorlaat nie. Soos in 'n **huweliksverhouding**, vra ons verhouding met die Here ook sekere verbintenisse ter wille van 'n gesonde verhouding.

- Ons moet onsself verbind wat die bywoning van die **eredienste** betref.

- Ons moet onsself verbind wat die **lees en nadenke oor die Bybel** betref.
- Ons moet onsself verbind wat ons **gebedslewe** betref.
- Ons moet onsself verbind wat ons **dankofferbydraes** betref.
- Ons moet ons selfs verbind wat ons **meelewing met ander** betref.

Ons moet vir hierdie dinge **begroot en beplan**, anders gaan dit **baie ongereeld** of **glad nie** gebeur nie. Dit gaan altyd **afgeskeep** word. Dit gaan slegs aan die beurt kom wanneer daar **niks anders** op my program is nie, of wanneer daar nog **tyd en geld oor** is. Dis **nie hoedat** jy geestelik groei nie. Ons moet sorg dat ons geestelike lewe **gedissiplineerd** is. Daar moet **beplanning** wees vir ons daaglikse stiltetye, weeklikse erediensbywoning, maandelikse dankofferbydraes. Daar is **te veel op die spel** om dit lukraak te doen. Almal wat iewers in die lewe wil kom of iets wil bereik, doen beplanning en hou dan daarby.
Geliefdes van die Here en mense wat sê dat u die Here liefhet – kom ons gaan huis toe en ons **gaan beplan** hoedat ons kan seker maak dat daar **vooruitgang en verdieping** in ons geestelike lewe kan kom, **verbind** ons daartoe en **hou daarby**!
Ek dink dit is hoedat iemand wat sê hy/sy is lief vir die Here en dit nie maar by woorde wil laat bly nie, sal optree. U sal die vrugte daarvan pluk in elke faset van u lewe!

Amen
15 Mei 2011

Gesprek
Hoe voel jy oor die maak van vrywillige verbintenisse soos hier aanbeveel word? Is dit gewens, noodsaaklik, onnodig, ongerieflik? Sê hoekom jy so dink.
Kan jy dink aan iets waartoe julle jul as groep kan verbind wat vir julle of vir ander kan help?